25. Die stedelike plaaslike bestuur moet 'n voldoende en verkrygbare voorraad skoon water verskaf en moet voldoende en geskikte sanitêre gemakke vir die gebruik van die inwoners aanwys en verskaf, vir manne en vrouens apart en onderskeie, mits enige houder van 'n bouterrein-permit met die toestemming van die stedelike plaaslike bestuur 'n geskikte en goedgekeurde emmer-privaat in verband met sy woonhuis mag oprig onder voorwaarde dat hy die algemene sanitêre regulasies van die stedelike plaaslike bestuur in verband daarmee nakom, en die fooi deur die regulasies vir die verwydering van die nagvuil van sodanige emmer-privaat voorgeskrewe, betaal.

26. Ingeval enige persoon in die lokasie aan enige besmetlike of aansteeklike siekte ly, moet die geregistreerde okkupant van die woonhuis, waarin sodanige persoon bly of gevind word, of, in geval van sy dood of onbekwaamheid, moet die oudste meerderjarige inwoner wat in sodanige hut of woning woon, dit dadelik aan die superintendent rapporteer.

27. The medical officer or his authorised assistants may at all times enter any hut or dwelling or building in the location and examine all persons therein, and any resident who shall appear to the medical officer to be suffering from or to have been exposed to the infection of any infectious disease may by order of the medical officer be removed to such place either within or beyond such location as the urban local authority may appoint for receiving such persons, and may by a like order be therein detained until such time as, in the opinion of the medical officer, he shall be free from infection.

28. The registered occupier of any dwelling in which a birth or death occurs, or, in the case of his death or incapacity, the eldest adult resident in such dwelling, shall forthwith report the same to the superintendent.

29. The superintendent shall keep in a form to be prescribed by the urban local authority a register showing the number and other descriptions of the horses, mules, donkeys, horned cattle, sheep, goats, pigs and dogs belonging to every inhabitant. All horses, mules, donkeys, horned cattle, sheep, goats, and pigs which may be found in the location, and which have not been so registered as aforesaid, or of whose arrival no notice has been given to the superintendent, or of the rights to or ownership of which no satisfactory account shall be given to the superintendent, may be seized and taken possession of by him, and be impounded in the nearest pound, and shall thereupon be dealt with and treated as other impounded animals in the said pound.

30. The local authority shall assign a place or places in the neighbourhood of the location for the erection of kraals, enclosures, sheds, or buildings for keeping such stock as may be the property of the inhabitants of the location, and shall make such orders as may be necessary and reasonable for the proper regulation thereof, and no person shall keep any horse, mule, donkey, horned cattle, sheep, goat or pig within the location except with the permission of the superintendent and subject to his being satisfied in regard to the suitability and cleanliness of the accommodation provided therefor.

31. For the purposes of enabling the superintendent to keep any register required by these regulations, it shall be the duty of every inhabitant of the location to give the superintendent such information as he may require for the purpose, and every such person who, on being requested by the superintendent to do so, shall neglect or refuse without reasonable cause to give such information shall be guilty of an offence.

32. No European shall enter the location without written permission from the local authority but this regulation shall not apply to recognised clergymen, medical practitioners or officials in the exercise of their duty; and no native or coloured person other than a registered occupier, his wife and family, being children under eighteen years of age or unmarried daughters, or the holder of a temporary permit shall be in the location between the hours of 9 p.m. and sunrise except under the written permission of the superintendent.

33. The superintendent may prohibit any entertainment in the location which, from its character, is in his opinion likely to create a disturbance or be a nuisance to the residents. The registered occupier of any site on which such prohibited entertainment takes place, as well as all persons taking part therein, shall be guilty of an offence.

34. Every person who shall obstruct the superintendent or his assistants in the execution of their duty shall be guilty of an offence.

35. Every inhabitant of the location shall have the right to appeal to the Magistrate against any action of the location superintendent or other official of the local authority charged with the administration of the regulations. After due enquiry, at which the location superintendent or official of the local authority shall be entitled to be heard in support of his action, the magistrate shall be empowered to order such location superintendent or official of the local authority to grant the appellants facilities under the regulations if he is of opinion that such have been unreasonably withheld.

36. "Magistrate" shall for the purposes of these regulations include a native commissioner.

ADVISORY BOARDS.

1. An Advisory Board shall consist of three members elected by the registered occupiers as hereinafter provided and three members appointed by the urban local authority. The superintendent of the location shall be *ex officio* chairman of the board.

27. Die geneeskundige amptenaar of sy gemagtigde assistente kan te enige tyd enige hut of woning of gebou in die lokasie binnegaan en al die persone daarin ondersoek, en enige bewoner, wat volgens oordeel van die geneeskundige amptenaar lydende is aan of blootgestel was aan die besmetting van enige besmetlike siekte kan op las van die geneeskundige amptenaar verplaas word na sodanige plek binne of buite sodanige lokasie as die stedelike plaaslike bestuur vir die ontvang van sodanige persone mag afsonder, en kan ingevolge 'n soortgelyke bevel daarin gehou word tot sodanige tyd as hy, volgens die mening van die geneeskundige amptenaar, van besmetting vry is.

28. Die geregistreerde okkupant van enige woonhuis, waarin 'n geboorte of sterfgeval plaasvind, of, ingeval van sy dood of onbekwaamheid, die oudste volwasse bewoner van sodanige woonhuis moet die saak dadelik aan die superintendent rapporteer.

29. Die superintendent moet 'n register hou, waarvan die vorm deur die stedelike plaaslike bestuur voorgeskrywe moet word en wat die getal en ander beskrywing van die perde, muile, esels, rundvee, bokke, varke en honde behorende aan elke inwoner aangee. Al die perde, muile, esels, rundvee, skape, bokke en varke, wat in die lokasie gevind mag word en wat nie soos hierbo bepaal geregistreer is nie, of van wie se aankoms geen kennis aan die superintendent gegee is nie, aangaande die regte waarop of eiendom waarvan geen bevredigende verslag aan die superintendent gegee is nie, kan deur hom in beslag en besit geneem en in die naaste skut opgesluit word, en daarna moet daarmee gehandel word en moet hulle behandel word op dieselfde wyse as ander geskutte diere in die voormelde skut.

30. Die plaaslike bestuur moet 'n plek of plekke in die omtrek van die lokasie bestem vir die oprigting van krale, afgekampte plekke, skure of geboue vir die bewaring van vee wat die eiendom van die inwoners van die lokasie mag wees, en moet sodanige bevels gee as nodig en billik mag blyk vir die behoorlike beheer daarvan, en geen persoon mag enige perd, muil, esel, rundvee, skaap, bok of vark binne die lokasie hou nie, tensy met die toestemming van die superintendent en onder die voorwaarde dat hy tevredegestel is aangaande die geskiktheid en skoonheid van die akkomodasie wat daarvoor verskaf is.

31. Ten einde die superintendent in staat te stel om enige deur hierdie regulasies vereiste register te hou, is dit die plig van elke inwoner van die lokasie om die superintendent sodanige informasie te gee as hy vir die doel nodig mag hê en iedere sodanige persoon wat, as hy versoek word deur die superintendent om sulks te doen, sonder grondige rede versum of weier om sodanige informasie te gee, is skuldig aan 'n misdryf.

32. Geen Europeaan mag sonder skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur in die lokasie gaan nie, maar hierdie regulasie is nie van toepassing op erkende geestelike, mediese praktisyne of amptenare wat hulle plig uitoefen nie, en geen naturel of gekleurde persoon, behalwe 'n geregistreerde okkupant, sy vrou en familie, wat kinders benede die ouderdom van agtien jaar of ongetroude dogters is, of die houer van 'n tydelike permit mag tussen die tyd 9 uur n.m. en sonsopgang, behalwe met die skriftelike verlof van die superintendent, in die lokasie wees nie.

33. Die superintendent kan enige vermaaklikheid of vergadering in die lokasie belet wat, ten oorsake van sy aard volgens sy mening waarskynlik 'n verstoring kan veroorsaak of 'n ergernis kan wees vir die inwoners. Die geregistreerde okkupant van enige terrein waar sodanige belette vermaaklikheid plaasvind, sowel as al die persone wat daaraan deelneem, is skuldig aan 'n misdryf.

34. Iedere persoon, wat die superintendent of sy assistente in die uitoefening van hulle plig hinder, is skuldig aan 'n misdryf.

35. Iedere inwoner van die lokasie het die reg van appellênt na die magistraat teen enige daad van die lokasie-superintendent of ander amptenaar van die stedelike plaaslike bestuur belas met die uitoefening van die regulasies. Na behoorlike ondersoek, waarby die lokasie-superintendent of amptenaar van die stedelike plaaslike bestuur geregig sal wees op 'n gehoor tot staving van sy handeling, is die magistraat gemagtig om sodanige lokasie-superintendent of amptenaar van die stedelike plaaslike bestuur te gelas om aan die appellênt die fasiliteite onder die regulasies toe te staan, as sodanige fasiliteite syns insiens onbillik teruggehou was.

36. "Magistraat" omvat vir die doel van hierdie regulasies 'n naturelle-kommissaris.

ADVISERENDE RADE.

1. 'n Adviserende Raad sal bestaan uit drie lede deur die geregistreerde okkupante, soos hierinlater bepaal, gekies, en drie lede deur die stedelike plaaslike bestuur benoem. Die superintendent van die lokasie is *ex officio* voorsitter van die Raad.

2. Whenever it has been decided to establish any Advisory Board the superintendent shall after receipt of notice to that effect by the urban local authority summon a meeting of all the registered occupiers in the location for the purpose of nominating members of the Advisory Board for the current calendar year of which meeting public notice shall be given by posting an announcement thereof in some conspicuous place in the location for a period of not less than fourteen days.

3. The superintendent shall in the month of December in each year issue a notice as hereinbefore provided summoning a meeting of all registered occupiers in the location for the purpose of the nomination of members of the Advisory Board for the ensuing calendar year. Such members when elected shall hold office till the 31st December following their election.

4. No registered occupier in the location who has not paid all rent or charges due by him to the urban local authority at the date of his nomination and no person who has within twelve months preceding the date of nomination been convicted of any crime and sentenced to imprisonment without the option of a fine shall be eligible for election as a member of the board.

5. Nominations for election as members of the Board shall be submitted by the superintendent in writing to the returning officer not later than ten days from the date of the meeting convened for the purposes of receiving nominations and thereupon public notification by notice posted at the office of the superintendent of the names of the nominees shall be given.

No nomination shall be received unless supported by the signatures or marks of at least ten registered occupiers each of whom has paid his rent up to the end of the month preceding that in which the nominations are called for.

6. At a meeting on the date and hour fixed for the purpose the returning officer shall after explaining the object of such meeting announce the names of the nominees, and if no more than three qualified residents have been nominated he shall declare such nominees to be duly elected as members of the board. In the event of more than three nominations being made the returning officer shall fix a day on which a poll shall be held not more than fourteen days after the holding of the meeting, and shall announce for what period, being not less than two hours between 8 a.m. and 10 p.m., the poll shall be open on such day. The returning officer shall fix the hours during which the poll shall be open having regard to the convenience of the majority of the registered occupiers of the location or native village.

7. The returning officer shall cause to be posted at the office of the superintendent, not less than seven days before the polling day, a notice intimating the date upon which, the place at which, and the hours during which the poll shall be held.

8. On the polling day the returning officer shall attend during the hours fixed at the place announced as the polling station and shall record the votes given for each candidate.

9. No person other than the returning officer, his assistants, and the person at the time recording his vote shall be admitted to the polling station.

10. No registered occupier shall be allowed to vote at any election unless he shall produce a receipt showing that his rent up to the end of the month preceding that in which the election is held has been paid.

11. The returning officer after satisfying himself that the person desirous of recording his vote is entitled to do so shall ask him for which of the candidates nominated he wishes to vote, and shall record the votes given by such person, being not more than the number of candidates to be elected by placing a mark opposite the name of each candidate named by the elector on a list of names of the nominated candidates. The returning officer shall thereupon mark such person's receipt to show that a vote has been recorded in respect thereof.

12. As soon after the closing of the poll as practicable the returning officer shall count the votes given for each nominated candidate and shall announce the election of the three candidates who have received the greatest number of votes.

13. In the case of a tie the question as between the candidates obtaining an equal number of votes shall be determined by the casting of lots.

2. Wanneer dit besluit is om enige Adviserende Raad in te stel, moet die superintendent, nadat hy die nodige kennisgewing van die stedelike plaaslike bestuur ontvang het, 'n vergadering van al die geregistreerde okkupante van die lokasie oproep vir die doel om lede van die Adviserende Raad vir die lopende kalenderjaar te benoem, en omtrent sodanige vergadering moet openbare kennis gegee word deur 'n kennisgewing daaromtrent op 'n in die oog vallende plek in die lokasie vir 'n tydperk van nie minder as veertien dae nie op te plak.

3. In die maand Desember van elke jaar moet die superintendent 'n vergadering van al die geregistreerde okkupante in die lokasie byeenroep op die manier soos hierintevore bepaal, met die doel om lede van die Adviserende Raad vir die volgende kalenderjaar te nomineer. Sodanige lede, wanneer gekies, sal hul poste tot 31 Desember na hulle verkiesing beklee.

4. Geen geregistreerde okkupant in die lokasie wat nie al sy huur of bedrae deur hom verskuldig aan die plaaslike bestuur op die datum van sy nominasie betaal het nie, en niemand wat binne twaalf maande voor die datum van benoeming aan enige misdadig skuldig bevind en tot gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete veroordeel is, sal bevoeg wees om as lid van die Raad gekies te word nie.

5. Nominasies vir verkiesing as lede van die Raad mag nie later as tien dae voor die datum van die vergadering byeengeroep vir die doel om nominasies te ontvang, skriftelik deur die superintendent aan die stemopnemer voorgelê word nie. Daarna moet, deur opplakking van 'n kennisgewing behelsende die name van die genomineerde persone voo, die kantoor van die superintendent, openbare bekendmaking geskied.

Geen nominasie mag aangeneem word nie, tensy dit gesteun is deur die handtekening of merke van ten minste tien geregistreerde okkupante wat elkeen sy huurgeld betaal het tot die einde van die maand, wat die maand waarin die nominasies gevra is, voorafgaan.

6. Op 'n vergadering, op die datum en uur vir die doel vasgestel, moet die stemopnemer, nadat hy die doel van sodanige vergadering uiteengesit het, die name van die genomineerde persone bekend maak en as daar nie meer as drie gekwalifiseerde inwoners genomineer is nie, moet hy verklaar dat sodanige genomineerde persone behoorlik gekose lede van die Raad is. As daar meer as drie nominasies gemaak word, moet die stemopnemer 'n dag vasstel, nie later as veertien dae na die vergadering nie, waarop 'n stemming moet plaasvind, en moet bekend maak vir hoelank — nie minder as twee ure tussen 8 v.m. en 10 n.m. nie — die verkiesing op sodanige dag sal duur. Die stemopnemer moet die ure vasstel gedurende welke die stembus oop sal wees, met die oog op die gerief van die meerderheid van die geregistreerde okkupante van die lokasie of naturelledorp.

7. Die stemopnemer moet, nie minder as sewe (7) dae voor die stembusdag nie, 'n kennisgewing voor die kantoor van die superintendent laat opplak, wat die datum waarop die plek waar en die ure gedurende welke die stemming gehou sal word, aangee.

8. Op die dag van die verkiesing moet die stemopnemer gedurende die vasgestelde ure by die plek wees wat as die stembusplek bekend gemaak is, en moet die stemme vir elke kandidaat opteken.

9. Niemand, behalwe die stemopnemer, sy assistente en die persoon wat asdan sy stem uitbring, mag tot die stembusplek toegelaat word nie.

10. Geen geregistreerde okkupant mag toegelaat word om op enige verkiesing te stem nie, tensy hy 'n kwitansie kan vertoon wat aantoon dat sy huur tot die end van die maand wat die verkiesingsmaand voorafgaan, betaal is.

11. Nadat die stemopnemer hom oortuig het dat die persoon wat verlang om te stem, geregtig is om sulks te doen, moet hy hom vra vir watter van die genomineerde kandidate hy wil stem, en dan moet hy die stemme uitgebring deur sodanige persoon, wat nie meer as die aantal kandidate wat gekies moet word mag wees nie, opteken deur 'n merk teenoor die naam van elke deur die kieser genoemde kandidaat op 'n lys van die name van die genomineerde kandidate te maak. Die stemopnemer moet daarna 'n merk op die persoon se kwitansie maak om aan te toon dat 'n stem ten opsigte daarvan uitgebring is.

12. So gou doenlik na die sluiting van die stembus moet die stemopnemer die stemme van elke genomineerde kandidaat tel, en moet hy die verkiesing van die drie kandidate wat die meeste stemme op hulle verenig het, bekend maak.

13. In die geval van 'n staking van stemme moet die moeilikheid tussen die kandidate, wat dieselfde aantal stemme gekry het, deur loot beslis word.

14. In case any member be convicted of any crime and sentenced to imprisonment without the option of a fine, or shall be convicted of any contravention of the location regulations, or shall leave the limits of the location for a period exceeding six weeks without having obtained leave of absence from the board, or shall fail to attend three consecutive meetings of the board, or shall resign or shall from illness, death or other causes become incapable of further service such member's seat shall *ipso facto*, be vacated, and the returning officer shall thereupon proceed to hold a fresh election to fill the vacancy in the manner laid down in the preceding sections of these regulations, and any member thus elected to fill any vacancy shall hold office up to the date of the expiration of the term of office of the member whose place he had filled.

15. The ordinary meeting of the board shall be held once a month on such day at such hour as the superintendent may fix after consultation with the members of the board. Notice of all such meetings shall be posted at the superintendent's office at least three days before the meeting.

16. The chairman may at any time, upon being satisfied of the necessity of so doing, call a special meeting of the board; but no business shall be transacted at any special meeting except such as the meeting may have been specially convened to consider.

17. The chair shall be taken at the appointed hour, but if at the expiration of a quarter of an hour after the appointed time there shall not be a sufficient number of members present to form a quorum, the chairman shall declare the meeting adjourned until the date of the following meeting or such earlier date as may appear desirable, and notice of such adjourned meeting shall be posted at the superintendent's office at least three days before the date thereof.

18. Four members shall form a quorum.

19. The names of members present and the proceedings of the meeting shall be recorded in a minute book to be kept by such person as the chairman shall appoint to act as secretary, and the business of the meeting or adjourned meeting shall be commenced by the reading and confirmation of the minutes of the previous meeting or day's proceedings. Minutes when so read and confirmed shall be attested by the chairman's signature in the presence of the members. A copy of the minutes shall after each meeting be sent by the chairman to the urban local authority.

20. It shall be the duty of the secretary to bring to the notice of the chairman all matters which may have been reserved for consideration from a previous meeting and all notices of motion received by him, and the chairman shall place such matters before the board for discussion, but the order of business subsequent to the confirmation of the minutes shall be in his discretion.

21. In discussing any question before the board, the speaker shall address the chair standing.

22. If two members address the chair at the same time and neither shall give way, the chairman shall call upon the one who in his opinion is entitled to precedence.

23. When a motion of amendment is made by a member, it must be seconded by another member, otherwise it shall be dropped, and all further debate on the subject shall be discontinued, and an entry shall be made in the minutes that such was not seconded.

24. A motion or amendment previously to being put to the vote shall be read aloud by the secretary or chairman.

25. A motion or amendment, made or seconded, shall not be withdrawn unless by leave of the board.

26. Every member present who is entitled to vote shall give his vote on a division, unless he shall assign a reason judged by the chairman to be sufficient for declining to vote, but no member shall vote on any matter in which he has any pecuniary interest.

27. "Returning officer" means the person appointed by the magistrate or native commissioner of the district in which the urban area is situated to exercise the powers and perform the duties assigned to returning officers by these regulations.

14. As enige lid aan enige misdadig bevind en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete veroordeel word, of skuldig bevind word van enige oortreding van die lokasieregulasies, of as hy die grense van die lokasie vir 'n langer tydperk as ses weke verlaat sonder dat hy afwesigheidsverlof van die Raad verkry het, of as hy versuim om drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad by te woon, of, as hy aftree of deur siekte, dood of ander redes vir verder diens onbekwaam word, sal sodanige lid se plek *ipso facto* oopval en die stemopnemer moet daarna 'n nuwe verkiesing hou om die vakature te vul op dieselfde wyse as in die voorafgaande artikels van hierdie regulasies neergelê is, en enige lid wat aldus gekies is om enige vakature te vul, bly in diens tot die datum waarop die dienstyd van die lid, wie se plek hy gevul het, afloop.

15. Die gewone vergadering van die Raad moet eenmaal per maand gehou word op sodanige dag en op sodanige uur as die superintendent na rugspraak met die lede van die Raad mag bepaal, en kennisgewings van al sodanige vergaderings moet minstens drie dae voor die vergadering voor die superintendent se kantoor opgeplak word.

16. Die voorsitter kan te enige tyd, nadat hy hom omtrent die noodsaaklikheid van so 'n stap oortuig het, 'n spesiale vergadering van die Raad byeenroep, maar geen besigheid mag op enige spesiale vergadering behandel word nie, behalwe dié waarvoor die vergadering spesiaal byeen-geroep is om te oorweeg.

17. Die stoel moet op die vasgestelde tyd ingeneem word, maar as daar na afloop van 'n kwartuur na die vasgestelde tyd geen voldoende aantal lede om 'n kworum te vorm aanwesig is nie, moet die voorsitter die vergadering as uitgestel verklaar tot die datum van die volgende vergadering of sodanige vroeër datum as nodig mag blyk, en kennisgewing van sodanige uitgestelde vergadering moet minstens drie dae voor die datum daarvan voor die kantoor van die superintendent opgeplak word.

18. Vier lede vorm 'n kworum.

19. Die name van die aanwesige lede en die verrigtings van die vergadering moet in 'n notuleboek opgeteken word deur sodanige persoon as deur die voorsitter benoem word om as sekretaris te dien, en die verrigtings van die vergadering of van die uitgestelde vergadering moet deur die voorlesing en bekragtiging van die notule van die vorige vergadering of dag se verrigtings begin. Nadat die notule so voorgelees en bekragtig is, moet dit deur die handtekening van die voorsitter in die teenwoordigheid van die lede bevestig word. 'n Afskrif van die notule moet deur die voorsitter na elke vergadering aan die stedelike plaaslike bestuur gestuur word.

20. Dit is die plig van die sekretaris om al die sake wat van 'n vorige vergadering vir oorweging oorgehou is, en al die kennisgewings van voorstel deur hom ontvang, tot die aandag van die voorsitter te bring, en die voorsitter moet dergelike sake voor die Raad vir bespreking bring, maar die orde van verrigtings na die bekragting van die notule is in sy diskresie.

21. As 'n spreker enige kwessie voor die Raad bespreek, moet hy die voorsitter staande toespreek.

22. As twee lede die voorsitter tegelykertyd toespreek, en geneen van hulle wil ingee nie, moet die voorsitter dié ene oproep om te praat, wat na sy mening die reg op voor-rang het.

23. Wanneer 'n lid 'n voorstel of wysiging maak, moet dit gesekondeer word deur 'n ander lid, anders sal dit weg-val, en al die verder diskussie oor die onderwerp moet op-hou en 'n aantekening dat dit nie gesekondeer was nie, moet in die notule gemaak word.

24. 'n Voorstel of amendement moet, voordat daaroor gestem word, eers deur die sekretaris of voorsitter hard uit-gelees word.

25. 'n Voorstel of amendement voorgestel of gesekondeer, mag nie teruggetrek word nie, tensy met die toestemming van die Raad.

26. Elke aanwesige lid wat geregtig is om te stem, moet sy stem by 'n verdeling uitbring, tensy hy 'n rede aangee wat na die mening van die voorsitter voldoende is vir sy weiering om te stem, maar geen lid mag oor enige saak waarin hy enige geldelike belang het, stem nie.

27. "Stemopnemer" beteken 'n persoon wat aangestel is deur die magistraat of narellekommissaris van die distrik waarin die stadsgebied geleë is, en wat die gesag moet uit-oefen en die pligte nakom wat deur hierdie regulasies aan stemopnemers toegewys is.

General Notices.

Algemene Kennisgewings.

(No. 31 of/van 1932.)

BANKS' STATEMENT, APRIL, 1932, IN TERMS OF SECTION 7 OF PROCLAMATION NO. 29 OF 1930,
THE BANKS PROCLAMATION, 1930.BANKEOPGAWE, APRIL 1932, INGEVOLGE ARTIEKEL 7 VAN PROKLAMASIE No. 29 VAN 1930, DIE BANKE-
PROKLAMASIE 1930.

BANK	Liabilities to the Public in S.W. Africa Verpligtings teenoor die Publiek in Suidwes-Afrika				Cash Reserves in South West Africa Kontant Geldreserwes in S.W.-Afrika				Advances and Discounts in South West Africa Voorskotte en Diskontos in Suidwes-Afrika	
	Deposits etc. / Depositos ens.			TOTAL TOTAAL	Gold Coin Gemunte goud	Subsidiary Coin Pasmunt	South Africa Reserve Bank Notes Note van die Suid. Afrika Reserwe- bank	Notes of other Banks S. W. Africa issue, Note van ander Banke wat in S.W.- Afrika uit- gereik is.	Advances Voorskotte	Discounts Diskontos
	Demand Opvorder- bare	Time Tyd	Bank notes issued in and payable in the Territory of S.W. Africa in circulation. Banknote uit- gereik in en betaal. in die Gebied S.W.- Afrika in omloop.							
The Standard Bank of South Africa, Limited	£ 260,029	£ 76,243	£ 57,017	£ 393,289	£ 13,035	£ 21,049	£ 513	£ 652	£ 376,863	£ 89,222
Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas) .	£ 172,771	£ 58,283	£ 48,987	£ 280,041	£ 16,946	£ 10,656	£ 436	£ 1,654	£ 328,285	

(No. 32 of /van 1932.)

BANKS' STATEMENTS FOR QUARTER ENDED 31ST MARCH, 1932, IN TERMS OF SECTION EIGHT OF
PROCLAMATION NO. 29 OF 1930. (THE BANKS' PROCLAMATION, 1930.)BANKEOPGAWES VIR KWARTAAL EINDIGENDE 31 MAART 1932, OOREENKOMSTIG ARTIEKEL AGT VAN
PROKLAMASIE NO. 29 VAN 1930. (DIE BANKEPROKLAMASIE 1930.)THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA, LIMITED.
(With which is incorporated the African Banking Corporation Limited.)Statement of Liabilities and Assets of the Standard Bank of South Africa, Limited, on the 31st day of March, 1932,
prepared in accordance with the "Banks' Proclamation, 1930".DIE STANDERD BANK VAN SUID-AFRIKA, BEPERK,
waarby die "African Banking Corporation, Limited" ingelyf is.Opgawe van Laste en Bate van die Standerd Bank van Suid-Afrika, Beperk, op die 31ste dag van Maart 1932, ooreen-
komstig die Bankeproklamasie 1930.LASTE.
LIABILITIES.

	In S.W. Africa. Binne S.W. Afrika. (Union Currency.) (UnieMunt.)	Outside S.W. Africa. Buite S.W. Afrika. (Union Currency.) (UnieMunt.)	Total. Totaal. (Union Currency.) (UnieMunt.)
To Subscribed Capital . . . (British Sterling £10,000,000) Getekende Kapitaal . . . Britse Sterlg. <u>£10,000,000</u>			
„ Paid-up Capital Opbetaalde Kapitaal		1,996,875 0 0	1,996,875 0 0
„ Reserve Fund Reserwefonds		2,527,380 15 9	2,527,380 15 9
„ Notes in Circulation Note in Omloop	55,697 0 0	293,475 2 7	349,172 2 7
„ Government Deposits:— Regeringsdepositos:—			
(a) Government of South West Africa Goewerment van Suidwes-Afrika	54,241 0 10		54,241 0 10
(b) Other Governments Ander Goewermente		11,006 10 7	11,006 10 7

„ Savings Bank Deposits	43,976 5 7	1,377,684 6 3	1,421,660 11 10
„ Spaarbank-depositos			
„ Other Deposits:—			
„ Ander depositos:—			
(a) Payable after notice or on a fixed day	87,094 6 7	19,989,592 7 1	20,076,686 13 8
Betaalbaar na kennisgewing of op 'n bepaalde dag			
(b) Payable on demand	167,138 13 3	17,216,654 10 2	17,383,793 3 5
Betaalbaar op aanvraag			
„ Balances due to other Banks		102,923 16 11	102,923 16 11
„ Balanse verskuldig aan ander banke			
„ Balances due to Head Office and Branches	116,275 1 11		116,275 1 11
„ Balanse verskuldig aan hoofkantoor en takke			
„ Bills Payable	24 2 6	390,295 8 9	390,319 11 3
„ Wisselbriewe betaalbaar			
„ Liabilities other than the foregoing	17,996 11 10	3,685,198 2 4	3,703,194 14 2
„ Verpligtings ander as die voorafgaande			
	£542,443 2 6	47,591,086 0 5	48,133,529 2 11

ASSETS.
BATE.

	In S.W.Africa. Binne S.W.Afrika. (Union Currency.) (UnieMunt.)	Outside S.W.Africa. Buite S.W.Afrika. (Union Currency.) (UnieMunt.)	Total. Totaal. (Union Currency.) (UnieMunt.)
By Coin in hand and in transit	37,196 9 4	1,173,740 13 4	1,210,937 2 8
„ Muntstukke in hande en onderweg			
„ Bullion in hand and in transit		9,518 7 11	9,518 7 11
„ Staafgoud in hande en onderweg			
„ Balances held in South African Res. Bank		2,066,873 8 1	2,066,873 8 1
„ Balanse verskuldig deur Suid-Afrikaanse Reserwe Bank			
„ Money at call or short notice		2,835,562 10 0	2,835,562 10 0
„ Geld op aanvraag of kort kennisgewing			
„ Notes of South African Reserve Bank	461 0 0	855,179 10 0	855,640 10 0
„ Note van Suid-Afrikaanse Reserwe Bank			
„ Notes of other Banks	1,397 2 5	169,238 19 5	170,636 1 10
„ Note van ander banke			
„ Balances due by other Banks		468,026 10 4	468,026 10 4
„ Balanse verskuldig deur ander banke			
„ Securities:—			
„ Sekuriteite:—			
(a) Union Government		1,552,286 2 0	1,552,286 2 0
Unie Goewerment			
(b) British and Colonial Governments		6,277,839 0 1	6,277,839 0 1
Britse en Koloniale Goewermente			
(c) Other Securities		96,135 0 9	96,135 0 9
Ander Sekuriteite			
„ Bills under discount:—			
„ Wisselbriewe onder diskonto:—			
(a) Current	75,022 19 3	3,892,484 17 8	3,967,507 16 11
Lopende			
(b) Overdue and unpaid	11,778 1 6	297,467 0 9	309,245 2 3
Agterstallige en onbetaalde			
„ Loans and advances other than Bills:—			
„ Lenings en voorskotte ander as wisselbriewe:			
(a) Secured	336,955 14 8	19,814,723 0 11	20,151,678 15 7
Verseker			
(b) Unsecured	53,699 0 1	3,181,698 15 9	3,235,397 15 10
Nie verseker nie			
„ Balances due by Head Office and Branches		1,574,820 11 4	1,574,820 11 4
„ Balanse verskuldig deur ander banke			
„ Advances to Government:—			
„ Voorskotte aan die Goewerment:—			
(a) Government of South West Africa			
Goewerment van Suidwes-Afrika			
(b) Other Governments		2,838 14 1	2,838 14 1
Ander Goewermente			
„ Advances to Public Bodies		568,981 15 9	568,981 15 9
„ Voorskotte aan publieke liggame			
„ Landed Property other than Bank Premises	16,382 5 7	401,670 11 2	418,052 16 9
„ Grondbesit ander as bankperseel			
„ Bank Premises, Furniture, etc.	7,215 2 4	1,560,787 2 7	1,568,002 4 11
„ Bankperseel, meubels, ens.			
„ Assets other than the foregoing	2,335 7 4	791,213 8 6	793,548 15 10
„ Bate ander as die voorafgaande			
	£542,443 2 6	47,591,086 0 5	48,133,529 2 11

Aggregate amount of Loans to and Liabilities of Directors, Auditors or Officers of the Bank, and of any firms or partnerships in which they or any of them have any direct interest, £294,950 15s 5d.
Gesamentlike bedrag van lenings aan en skulde van direkteurs, ouditeurs of amptenare van die bank en van enige firmas of vennootskappe, waarin hulle of enigeen van hulle enige direkte belang het £294,950 15s 5d.

BARCLAYS BANK (DOMINION, COLONIAL AND OVERSEAS)
with which is amalgamated
THE NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA, LIMITED.

Statement of Liabilities and Assets of the Head Office and Branches on the 31st day of March, 1932.
(For the purpose of the Banks Act, 1917.)

BARCLAYS BANK (DOMINIUM, KOLONIAAL EN OORSEE)
waarmee DIE NASIONALE BANK VAN SUID-AFRIKA BPK. geamalgameer is.

Opgawe van Laste en Bate van die Hoofkantoor en Takke op die 31ste dag van Maart 1932.
(Vir die doel van die Banke Wet 1917.)

LIABILITIES.
LASTE.

	In S.W.A. In S.W.A. (In Gold Pounds.) (In Goud Ponde.)	Outside S.W.A. Buite S.W.A. (In Gold Pounds.) (In Goud Ponde.)	Total. Totaal. (In Gold Pounds.) (In Goud Ponde.)
1. Subscribed Capital Getekende Kapitaal	Shown in Brt. Sterlg. (Britse Sterling)	6,975,500 0 0	6,975,500 0 0
2. Paid-up Capital Opbetaalde Kapitaal	(In Gold Pounds.) (In Goud Ponde.)	3,955,522 10 0	3,955,522 10 0
3. Reserve Fund Reserwefonds		1,311,750 0 0	1,311,750 0
4. Notes in Circulation Note in omloop	50,238 0 0	586,301 1 6	636,539 1 6
5. Government Deposits Regeringsdepositos	40,433 1 1	799,331 6 1	839,764 7 2
6. Savings Bank Deposits Spaarbank-depositos	43,045 1 3	5,000,105 14 3	5,043,150 15 6
7. Other Deposits— Ander depositos:—			
(a) Payable after notice or on a fixed day Betaalbaar na kennisgewing of op 'n bepaalde dag	69,412 14 7	18,210,028 7 2	18,279,441 1 9
(b) Payable on demand Betaalbaar op aanvraag	81,809 6 9	21,462,666 18 11	21,544,476 5 8
8. Balances due to other Banks Balanse verskuldig aan ander banke		1,190,885 14 9	1,190,885 14 9
9. Balances due to Head Office and Branches Balanse verskuldig aan hoofkantoor en takke	109,890 14 3		109,890 14 3
10. Bills payable Wisselbriewe betaalbaar	116 8 6	776,178 14 4	776,295 2 10
11. Liabilities other than the foregoing Verpligtings ander as die voorafgaande	39,017 4 0	4,629,332 15 9	4,668,349 19 9
	£433,962 10 5	57,922,103 2 9	58,356,065 13 2

ASSETS.
BATE.

	In S.W.A. In S.W.A. (In Gold Pounds.) (In Goud Ponde.)	Outside S.W.A. Buite S.W.A. (In Gold Pounds.) (In Goud Ponde.)	Total. Totaal. (In Gold Pounds.) (In Goud Ponde.)
1. Coin in hand and in transit Muntstukke in hande en onderweg	27,713 11 1	1,169,913 9 7	1,197,627 0 8
Balances with S.A. Reserve Bank Balanse in Suid-Afrikaanse Reserwe Bank		1,717,252 14 11	1,717,252 14 11
Notes of S.A. Reserve Bank Note van Suid-Afrikaanse Reserwe Bank	535 10 0	692,147 4 5	692,682 14 5
2. Bullion in hand and in transit Staafgoud in hande en onderweg		23,050 3 11	23,050 3 11
3. Money at call or short notice Geld op aanvraag of kort kennisgewing		2,043,627 0 0	2,043,627 0 0
4. Notes of other Banks (x) Note van ander banke (x)	1,191 10 0	716,848 15 7	718,040 5 7
5. Balances due by other Banks Balanse verskuldig deur ander banke		6,119,330 1 7	6,119,330 1 7
6. Securities— Sekuriteite:—			
(a) Union Government Unie Goewerment		2,515,027 12 5	2,515,027 12 5
(b) British and Colonial Governments Britse en Koloniale Goewermente		8,994,203 11 11	8,994,203 11 11
(c) Other securities Ander Sekuriteite		654,410 16 0	654,410 16 0
Other Government Security Ander Goewermentssekuriteit		79,704 4 4	79,704 4 4

7. Bills under discount: Wisselbriewe onder diskonto:			
(a) current lopende	35,213 4 11	8,137,649 18 5	8,172,863 3 4
(b) overdue and unpaid agterstallige en onbetaalde	4,849 13 0	457,384 13 6	462,234 6 6
8. Loans and advances other than Bills: Lenings en Voorskotte ander as wisselbriewe			
(a) secured verseker	275,757 11 9	17,361,741 18 4	17,637,499 10 1
(b) unsecured nie verseker nie	62,095 13 2	3,564,209 17 3	3,626,305 10 5
9. Balances due by Head Office and Branches Balanse verskuldig deur hoofkantoor en takke		172,711 17 11	172,711 17 11
10. Advances to Government Voorskotte aan die Regering		311,587 9 10	311,587 9 10
11. Advances to Public Bodies Voorskotte aan publieke liggame	3,450 12 2	760,159 6 11	763,609 19 1
12. Landed property other than Bank Premises Grondbesit ander as bankperseel		30,330 18 4	30,330 18 4
13. Bank Premises, Furniture, etc. Bankperseel, meubels, ens.	10,203 2 5	2,099,204 14 9	2,109,407 17 2
14. Assets other than the foregoing Bate ander as die voorafgaande	12,952 1 11	301,606 12 10	314,558 14 9
	<u>£433,962 10 5</u>	<u>57,922,103 2 9</u>	<u>58,356,065 13 2</u>

(Aggregate amount of Loans to and Liabilities of Directors, Auditors, or Officers of the Bank, and of any firms or partnerships in which they or any of them have any direct interest, £575.4.10 *In* S.W.A. (in Gold pounds), £112,697.8.9 *Outside* S.W.A. (in Gold pounds).
(Gesamentlike bedrag van lenings aan en skulde van direkteurs, ouditeurs of amptenare van die bank en van enige firmas of vennootskappe, waarin hulle of enigeen van hulle enige direkte belang het, £575.4.10 *Binne* S.W.A. (in goud ponde), £112,697.8.9 *Buite* S.W.A. (in goud ponde).

(x) MADE UP AS FOLLOWS:
SAAMGESTEL AS VOLG:

Standard Bank (S.W.A.) issue	£1,171 0 0
Standerd Bank (S.W.A.) uitgawe	
Bank of England Notes	20 10 0
Note van die Bank van Engeland	
	<u>£1,191 10 0</u>

GENOSSENSCHAFTSBANK e.G.m.b.H., GROOTFONTEIN.

QUARTERLY STATEMENT
as at the 31st March, 1932.

LIABILITIES:			
Subscribed Capital	£11,250		
Paid-up Capital		£2,250 0 0	
Reserve Fund 1.	£1,486 1 1		
2. (Rückstellungs-konto)	900 0 0	2,386 1 1	
Saving Bank Deposits (time)		1,857 6 1	
Other Deposits (demand)		664 18 11	
Balance due to other Banks		160 6 8	
ASSETS:			
Cash in hand		1 12 2	
Balance due by other Banks		1 9 5	
Advances:—			
secured	£4,700 0 0		
unsecured	2,615 10 2	7,315 10 2	
Liabilities by directors, members of the board of Supervision and the Auditor:			
secured	£855 7 8		
unsecured	603 0 0	1,458 7 8	

(No. 33 of 1932.)

The following regulation made by the local authority of the urban area of Mariental under the provisions of Section two of the Curfew Regulations Proclamation, 1922 (Proclamation No. 33 of 1922), is hereby published.

CURFEW REGULATION.

URBAN AREA OF MARIENTAL.

No native shall be in any street, public place or thoroughfare within the urban area of Mariental, exclusive of that portion thereof set aside as a Native Location, between the hours of 9 p.m. and 4 a.m. without a written pass or certificate from

GENOSSENSCHAFTSBANK e.G.m.b.H., GROOTFONTEIN.

KWARTAALSE OPGAWE:
